Gestig 1962

HONEY
PROKUREURS

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

Die inligting in hierdie dokument is van algemene aard en word nie beskou as regsadvies nie

"Passasiersaanspreeklikheid en die Boer"

Deel 8 :

Die onlangse tragiese ongelukke in die Wes-Kaap waarin plaaswerkers, wat as passasiers op vragmotors vervoer is, beseer is en sommige gesterf het, het vrae by boere laat ontstaan oor hul potensiële regsaanspreeklikheid in sulke gevalle.

Wanneer 'n motorvoertuigongeluk plaasvind en iemand skade ly, hetsy as gevolg van die liggaamlike besering van homself, hetsy as gevolg van die afsterwe van iemand anders, kan **onder andere** die volgende individue en/of entiteite in 'n mindere of meerdere mate regsaanspreeklikheid opdoen :

- die persoon wie se nalatigheid die ongeluk veroorsaak het;
- die werkgewer van die persoon wie se nalatigheid die ongeluk veroorsaak het (middellike aanspreeklikheid);
- die Padongelukfonds (in terme van die bepalings van die Padongelukfondswet, Wet 56 van 1996);
- die Vergoedingskommissaris (in terme van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes, Wet 130 van 1993).

Indien 'n botsing plaasvind tussen twee motorvoertuie en die bestuurder van die een voertuig is uitsluitlik nalatig, sal die bestuurder en die passasiers van die ander voertuig hul volle skade kan verhaal vanaf die Padongelukfonds. Die posisie van die passasiers in die voertuig waarvan die bestuurder uitsluitlik nalatig was, is minder eenvoudig. Hul reg om skadevergoeding te verhaal is soortgelyk aan dié van passasiers in 'n motorvoertuig wie beseer word in 'n ongeluk waarby slegs die een motorvoertuig betrokke is en sodanige voertuig
se bestuurder uitsluitlik nalatig is. Ons handel hierinlater met hierdie situasie.

Die bestuurder van die voertuig wie uitsluitlik nalatig was sal geen skadevergoeding kan verhaal nie – hy mag in sekere omstandighede wel kwalifiseer vir vergoeding in terme van die bepalings van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes (hierna "die Vergoedingswet" genoem).

Indien die bestuurders van beide voertuie nalatig was (elkeen was byvoorbeeld 50% nalatig) sal die onderskeie bestuurders elkeen slegs 50% van hul skade kan verhaal vanaf die Padongelukfonds, maar sal die passasiers in die onderskeie voertuie hul volle skade kan verhaal vanaf die Padongelukfonds.

Indien 'n boer sy werknemers vervoer (of laat vervoer) in of op 'n motorvoertuig (byvoorbeeld 'n bakkie, vragmotor, sleepwa, ensovoorts) en sodanige werknemers word beseer of gedood as gevolg van die bestuurder van die motorvoertuig se uitsluitlike nalatigheid, kan, na gelang van omstandighede, verskillende individue en/of entiteite in 'n mindere of meerdere mate regsaanspreeklikheid opdoen.

Verskillende moontlikhede word hieronder behandel aan die hand van 'n aantal voorbeelde. In elke geval word dit aanvaar dat die bestuurder van die motorvoertuig waarin of waarop die werknemers vervoer is uitsluitlik nalatig was.

Voorbeeld 1
'n Ongeluk vind plaas terwyl die beseerde (of oorlede) werknemer
vervoer word in die loop van sy diens en die werkgewer/boer self die motorvoertuig bestuur:

- Die werknemer (of afhanklikes van 'n oorlede werknemer) het 'n eis slegs teen die Vergoedingskommissaris in terme van die Vergoedingswet.
- Hy (of sy afhanklikes) het geen eis teen die werkgewer/boer nie omrede sodanige eis deur die bepalings van Artikel 35 van die Vergoedingswet uitgesluit word.
- Hy (of sy afhanklikes) het ook geen eis teen die Padongelukfonds nie en wel as gevolg van die bepalings van Artikel 19(a) van die Padongelukfondswet, saamgelees met Artikel 35 van die Vergoedingswet.

Voorbeeld 2
'n Ongeluk vind plaas terwyl die beseerde (of oorlede) werknemer vervoer word in die loop van sy diens en 'n ander werknemer ('n mede- werknemer van die beseerde of oorledene) die motorvoertuig bestuur:

- Hy (of sy afhanklikes) het 'n eis teen die Vergoedingskommissaris in terme van die bepalings van die Vergoedingswet.

- Hy (of sy afhanklikes) het 'n eis teen die Padongelukfonds, welke eis beperk is tot 'n bedrag van R25 000.00 – ingevolge die bepalings van Artikel 18(1) van die Padongelukfondswet.
- Hy (of sy afhanklikes) het 'n eis teen die bestuurder/mede-werknemer vir sy skade wat die bedrag oorskry wat hy kan verhaal vanaf die Padongelukfonds en Vergoedingskommissaris.
- Hy (of sy afhanklikes) het egter geen eis teen die werkgewer/boer nie en wel as gevolg van die bepalings van Artikel 35 van die Vergoedingswet.

Voorbeeld 3

'n Ongeluk vind plaas terwyl die beseerde (of oorlede) werknemer nie in die loop van sy diens vervoer word nie (dit wil sê in omstandighede wat hom of sy afhanklikes nie geregtig maak op vergoeding in terme van die Vergoedingswet nie) en die werkgewer/boer self die motorvoertuig bestuur:

- Hy (of sy afhanklikes) het 'n eis teen die Padongelukfonds, welke eis beperk is tot 'n bedrag van R25 000.00 – ingevolge die bepalings van Artikel 18(1) van die Padongelukfondswet.
- Omrede die Vergoedingswet nie van toepassing is nie, geniet die werkgewer/boer nie die beskerming van Artikel 35 nie, en sal die werknemer (of sy afhanklikes) derhalwe 'n eis teen die werkgewer/boer in sy persoonlike hoedanigheid hê en wel vir sodanige skade as wat die bedrag van R25 000.00 te bowe gaan.

Voorbeeld 4

'n Ongeluk vind plaas terwyl die beseerde (of oorlede) werknemer vervoer word nie in die loop van sy diens nie (dit wil sê in omstandighede waar die bepalings van die Vergoedingswet nie van toepassing is nie) en 'n ander werknemer ('n mede-werknemer van die beseerde of oorledene) die motorvoertuig bestuur, maar in omstandighede waar die boer wel middellik aanspreeklik is vir die nalatigheid van sy werknemer (synde die bestuurder van die voertuig).

- Hy (of sy afhanklikes) het 'n eis teen die Padongelukfonds, welke eis beperk is tot 'n bedrag van R25 000.00 – ingevolge die bepalings van Artikel 18(1) van die Padongelukfondswet.
- Hy (of sy afhanklikes) het 'n eis teen die bestuurder/mede-werknemer in laasgenoemde se persoonlike hoedanigheid vir sodanige skade as wat die bedrag van R25 000.00 oorskry.
- Omrede die Vergoedingswet nie van toepassing is nie, geniet die werkgewer/boer weereens nie die beskerming van die Vergoedingswet nie en het die beseerde werknemer (of afhanklikes van die oorlede werknemer) 'n eis teen die werkgewer/boer in sy persoonlike hoedanigheid vir sy skade wat die bedrag van R25 000.00 oorskry.

Voorbeeld 5

'n Ongeluk vind plaas terwyl die beseerde (of oorlede) werknemer vervoer word nie in die loop van sy diens nie en 'n ander werknemer ('n mede-werknemer van die beseerde of oorledene) die motorvoertuig bestuur, maar in omstandighede waarin die werkgewer/boer nie middellik aanspreeklik is vir die nalatigheid van die bestuurder nie:

- Die beseerde werknemer (of sy afhanklikes) het 'n eis teen die Padongelukfonds beperk tot 'n bedrag van R25 000.00 – ingevolge die bepalings van Artikel 18(1) van die Padongelukfondswet.
- Hy (of sy afhanklikes) het voorts 'n eis teen die bestuurder/mede-werknemer.
- Hy (of sy afhanklikes) het geen eis teen die Vergoedingskommissaris nie.
- Hy (of sy afhanklikes) het geen eis teen die werkgewer/boer nie.

Slegs in voorbeelde 3 en 4 hierbo genoem (dit wil sê waar die bepalings van die Vergoedingswet – spesifiek Artikel 35 daarvan – nie van toepassing is nie) loop 'n werkgewer/boer die risiko om regsaanspreeklikheid in sy persoonlike hoedanigheid op te doen. Versekeringsmaatskappye verskaf egter dekking teen sodanige regsaanspreeklikheid en is dit raadsaam vir 'n boer om sy versekeraar of makelaar hieromtrent te raadpleeg.

(Hierdie artikel het ten doel om inligting te verskaf en nie regsadvies nie. Kontak u regsadviseur vir regsadvies.)

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

As u enige verdere navrae het of bystand benodig kontak ons gerus by:

Litigasie:
George de Beer *george@honeyattorneys.co.za*
Nic Barnaschone *nic@honeyattorneys.co.za*
Christo Potgieter *christo@honeyattorneys.co.za*

Kommersiële Afdeling:
Johan Vermeulen *johan@honeyattorneys.co.za*

Eiendom & Aktes Afdeling
Jacques du Toit *jacques@honeyattorneys.co.za*
Danie de Villiers *danie@honeyattorneys.co.za*
Charles Koegelenberg *charlesK@honeyattorneys.co.za*
Bronwyn Brink *bronwyn@honeyattorneys.co.za*

Honey Bloemfontein: Tel: 051 403 6600
Honey Johannesburg Tel: 011 656 1452